| | |
|---|---|
| Rapporteerbaar: | Ja / N |
| Sirkuleer onder Regters: | Ja / |
| Sirkuleer onder Landdroste: | Ja / N |
| Sirkuleer onder Streeklanddroste: | Ja / Nee |

**IN DIE Hoë HOF VAN SUID-AFRIKA**
**(Noord-Kaapse Hoë Hof, Kimberley)**

Saak No: CA&R /2013
Saak Aangehoor: 09/09/2013
Datum gelewer: 13/09/2013

In die saak tussen:

Wilby Waterboer

en

Die Staat

Coram: Williams R et Olivier R

## UITSPRAAK

**Olivier R:**

[1]. Die appellant, mnr Wilby Waterboer, is skuldig bevind aan die roof met verswarende omstandighede en moord op mnr Adriaan Calitz ("*die oorledene*") en hy kom nou in hoër beroep teen beide hierdie skuldigbevindings.

[2]. Dit is gemenesaak dat die oorledene van sigarette beroof is en dat hy dood is as gevolg van uitbloeding volgende op steekwonde. Dit is ook gemenesaak dat die appellant, sy medebeskuldigdes mnr Irwin Geldenhuys en Cecil Brown en die getuie mnr Gordon Jansen op die een of ander stadium teenwoordig was op die toneel van die roof en die moord.

[3]. Dit is gemenesaak dat daar kort voor die voorval waartydens die oorledene beroof en gedood is, ‘n insident plaasgevind het waartydens die appellant ‘n ander persoon ‘n fatale steekwond toegedien het. Hy het ten aansien van daardie voorval ook op ‘n aanklag van moord tereggestaan, maar is onskuldig bevind op die basis dat bevind is dat die appellant in noodweer opgetree het.

[4]. Die appellant se weergawe in sy pleitverduideliking, vir soverre dit die onderhawige aanklagte aanbetref, was dat die vier van hulle oppad huis toe was. Volgens hom sou hy ‘n entjie agter die ander drie geloop het. Hy vind toe dat hulle die oorledene beroof van sigarette. Geldenhuys bied hom wat die appellant is toe ‘n sigaret aan steek die oorledene met ‘n mes. Die beskuldigde Brown steek toe die oorledene met ‘n skroewedraaier. Die vier van hulle hardloop toe weg. Die appellant het ontken dat hy die oorledene beroof of beseer het of deel van so ‘n plan was.

[5]. Namens die vervolging is ten aansien van hierdie aanklagte die getuienis aangebied van die gemelde Jansen, mnr Riekert De Kock, mnr Clayton Brown en me Meriaam Waterboer.

[6]. Jansen se getuienis in hoof was dat al vier van hulle saam geloop het toe hulle die oorledene teëgekom het. Die beskuldigdes Brown en Geldenhuys is toe na die oorledene. Brown haal toe die oorledene se sigarette uit terwyl Geldenhuys ‘n mes uit sy sak haal. Geldenhuys steek toe die oorledene, en gee toe die mes vir die appellant, wat toe ook die oorledene steek.

[7]. In kruisverhoor was Jansen egter seker dat dit net Geldenhuys was wat die oorledene gesteek het. Hy was 'n swak getuie wat homself in wesenlike opsigte weerspreek het. Die streeklanddros het dan ook glad nie op sy getuienis gesteun nie. Daar is dan ook by die aanhoor van hierdie appél namens die respondent toegegee dat daar glad nie op Jansen se getuienis pyl getrek kon word nie.

[8]. De Kock se getuienis was dat al vier die persone, dit wil sê die appellant, sy medebeskuldigdes mnre Cecil Brown en Irwan Geldenhuys en die getuie Jansen saam by die oorledene was toe hy geroof is. Volgens De Kock was daar nie sprake van wapens op daardie stadium nie. Toe die aanvallers van die oorledene wegloop, het hy hulle gevloek. De Kock se getuienis was dat die appellant en Geldenhuys toe terug is na die oorledene en dat die appellant hom toe "*een of twee keer*" met 'n mes gesteek het.

[9]. Die streeklanddros het, in die lig van die algehele verwerping van Jansen se getuienis, van die standpunt uitgegaan dat De Kock se getuienis versigtig benader moes word. Die streeklanddros het bevind dat daar wel weersprekings was, onder meer tussen De Kock se getuienis en die inhoud van sy polisieverklaring, maar het bevind dat De Kock 'n onafhanklike getuie was en dat sy getuienis gestaaf is deur die onafhanklike en geloofwaardige getuienis van:

[9.1] Mnr Clayton Brown dat die appellant na afloop van hierdie voorval aan hom gesê het dat "*hulle*" persone

gesteek het en dat hy nie weet of hulle lewe of gesterf het nie; en

[9.2] Me Waterboer, die ouma van die appellant, dat toe sy die tweede dag ná hierdie gebeure die appellant en Geldenhuys gekonfronteer het oor die voorval, 'n mes by Geldenhuys se broeksak uitgeval het. Dit blyk duidelik dat dit die moordwapen was en dat Geldenhuys dit by daardie geleentheid toe in 'n bos of heining weggegooi het.

[10]. Die appellant het ook stawing gevind vir die getuienis van De Kock in die feit dat die appellant en die ander beskuldigdes "*baie goeie vriende*" was, wie se "*vriendskap strek verder tot kriminele aktiwiteite*".

[11]. Die eerste probleem rondom die getuienis van De Kock is dat hy in sy polisieverklaring gesê het dat hy onseker was wie van die groep persone dit was wat die oorledene se sigarette uit sy broeksak gehaal en gevat het. Hy het in sy getuienis erken dat hy dit wel vir die polisie gesê het, en daar kan dus nie sprake wees daarvan dat hierdie deel van die betrokke verklaring verkeerd afgeneem is nie.

[12]. Daarteenoor het De Kock in sy getuienis in hoof, en ook in kruisverhoor namens die appellant se medebeskuldigde, by herhaling dit duidelik gemaak dat dit die appellant was wat sy hand in die oorledene se sak gesteek het en die sigarette uitgehaal het.

Dit was ook aanvanklik sy weergawe in kruisverhoor namens die appellant.

[13]. Toe hy egter gekonfronteer is met sy verklaring, het De Kock sy weergawe aangepas en getuig dat hy bloot sigarette in die appellant se hand gesien het, maar nie gesien het dat die appellant se hand in die oorledene se sak was nie.

[14]. In sy verklaring het De Kock verder gesê dat hy nie seker was of Geldenhuys ook die oorledene gesteek het nie. Ook ten aansien hiervan het hy erken dat dit wel was wat hy vir die polisie gesê het.

[15]. Sy getuienis was aanvanklik heel beslis dat slegs die appellant die oorledene steekwonde toegedien het. Weereens gekonfronteer met sy verklaring, het hy sy weergawe probeer aanpas. Toe het hy eers getuig dat dit kon wees dat Geldenhuys ook gesteek het, en daarna weer dat dit nie moontlik was nie.

[16]. Wat egter wesenlik was by beoordeling van die appellant se weergawe, is nie soveel wie se hande in die oorledene se sakke was of wie nog, behalwe die appellant, die oorledene gesteek het nie. Wat wesenlik was, was of die appellant deel van die groep persone was wat die oorledene gekonfronteer en beroof het, en of die appellant wel self die oorledene steekwonde toegedien het.

[17]. Die appellant het homself, in sy opmerking teenoor mnr Clayton Brown, baie kort ná die oorledene met die mes gesteek is, duidelik

met die res van die groep en hulle handelinge geassosieer toe hy vir Brown gesê het dat hulle, in die meervoud, persone, weer in die meervoud, gesteek het. Hy het nie met daardie opmerking slegs verwys na die eerste voorval nie.

[18]. Met die konfrontasie deur die appellant se ouma, is hy weer saam met die persoon wat toe op daardie stadium toevallig dieselfde mes by hom het waarmee die oorlede gedood is. Die appellant assosieer hom toe weereens met die ander, deur bloot alles te ontken. Hy het nie van daardie geleentheid gebruik gemaak om homself teenoor sy ouma te distansieer van wat aan die oorledene gedoen is deur, volgens hom, die ander persone nie.

[19]. Die appellant se eie weergawe was ook dat hulle almal vriende was wat onder andere saam gesteel het, wat sou inpas by De Kock se waarneming van hulle optrede, as 'n groep, by die betrokke geleentheid.

[20]. Ek kan nie saamstem met die betoog van mnr Cloete, die advokaat vir die appellant, dat De Kock se getuienis benader moes word soos dié van getuies wat getuig oor identiteit nie. Dit het nie hier oor identiteit gegaan nie. Dit was gemenesaak dat die appellant op die toneel was. Die vraag was bloot wat hy daar gedoen het.

[21]. Mnr Cloete het ook De Kock se getuienis gekritiseer op die basis dat dit volgens hom "*wesenlik verskil van die mediese getuienis en nie strook met die bevindinge in die lykskouingsverslag nie*". Ook in

kruisverhoor namens die appellant is De Kock gevra of hy saamstem daarmee dat daar twee steekwonde op die bors van die oorledene was en dat die steekwonde "*redelik ver uitmekaar*" was.

[22]. Ek dink nie daar steek enige iets in die betoog wat toe namens die appellant gevoer is dat De Kock se getuienis nie die bestaan van 'n tweede steekwond kon verduidelik nie. De Kock het reeds in sy hoofgetuienis gesê, soos reeds gemeld, dat die appellant die oorledene "*een of twee keer*" gesteek het. Ook in kruisverhoor namens die appellant, en nog voordat hy met die posisie van die twee wonde gekonfronteer is, het De Kock getuig dat hy nie presies kon sien of die appellant een of twee keer gesteek het nie. Sy verduideliking was dat hy geskrik geraak het.

[23]. Onder hierdie omstandighede is De Kock se toegewings in kruisverhoor namens die appellant dat hy nie gesien het wie die onderste van die twee wonde toedien nie en dat hy nie geweet het dat daar 'n tweede wond was nie, nie van veel belang nie.

[24]. Ek dink ook nie die wonde is so vreeslik ver uitmekaar nie. Altwee is aan die voorkant van die oorledene se ribbekas, die een onder die derde rib en die ander op die onderste rand van die ribbekas. Die skets aangeheg by die lykskouingsverslag skep ook nie die indruk van 'n noemenswaardige afstand tussen hierdie twee wonde nie.

[25]. Die appellant se eie getuienis moet ook nie uit die oog verloor word nie. Eers in kruisverhoor kom hy vorendag met die bewering dat die

rede hoekom hy nie by die ander sou gewees het toe hulle die oorledene teëgekom het nie, was omdat 'n meisie met hom wou praat. Dit het hy nooit in sy pleitverduideliking gemeld nie, en ook nie in sy getuienis in hoof nie. Dit is ook nooit gestel aan enige getuie of aan sy medebeskuldigdes Geldenhuys en Cecil Brown toe hulle getuig het nie. Dit was duidelik 'n leuenagtige poging om homself op die relevante tyd van die toneel van die roof te distansieer.

[26]. Op die appellant se eie getuienis staan hy toe doodgerus en rook 'n sigaret, daar by sy makkers en by die man wat pas van sy sigarette beroof is. Hy beweer hy het nie geweet dat dit een van die geroofde sigarette was wat vir hom gegee is nie, maar skroom nie om te erken dat hy hom in elk geval sou aanvaar het al het hy geweet dat dit die geval was nie. Volgens hom deel hulle alles.

[27]. Dit is geyk dat daar nie ligtelik ingemeng word met die geloofwaardigheidsbevindinge van 'n verhoorhof nie en hier is ek van oordeel dat daar geen basis vir inmenging bestaan nie.

[28]. Wat oorbly om te oorweeg is of, op De Kock se getuienis, die roof gepaard gegaan het met verswarende omstandighede. Hierdie begrip word in artikel 1 van die Strafproseswet[1] gedefinieer as:

"*(i) die hanteer van 'n vuurwapen of 'n ander gevaarlike wapen;*

*(ii) die toediening van 'n ernstige liggaamlike besering; of*

[1] 51 van 1977

*(iii) 'n dreigement om 'n ernstige liggaamlike besering toe te dien, deur die oortreder of 'n medepligtige **by die geleentheid waarby die misdryf gepleeg word**, hetsy voor of gedurende of na die pleging van die misdryf*".

[29]. Op De Kock se getuienis was daar geen sprake hiervan voor of tydens die roof nie. Die oorledene is bloot hou vas terwyl hy deursoek en sy sigarette gevat is. Eers toe die roof afgeloop was en die aanvallers besig was om van die oorledene weg te beweeg, het die oorledene hulle gevloek en toe het die appellant en Geldenhuys teruggedraai en het die appellant 'n mes uit sy sak gehaal. Dit is toe wat die oorledene die steekwonde toegedien is.

[30]. Die vraag na die bestaan van verswarende omstandighede is 'n feitevraag. In **Isaacs and Another v S**[2] is verskil van die houding uitgespreek deur Du Toit en Andere in **Commentary on the Criminal Procedure Act** op DEF 2A dat daar geen bewyslas bestaan met betrekking tot die kwessie van verswarende omstandighede nie, en is beslis dat die bewyslas ook ten aansien daarvan op die vervolging rus, en wel om dit bo redelike twyfel aan te toon.

[31]. In **S v Sebetlele**[3] het die betrokke appellant, wat een van meerdere rowers was, eers oor 'n heining weggevlug van die toneel van die roof af voordat hy 'n mes te voorskyn gebring het en gedreig het om

[2] [2006] 2 All SA 163 (C); ook gerapporteer as 2007 (1) SACR 43 (C)
[3] 2012 JDR 1095 (GNP)

die slagoffer te beseer. Daar is bevind dat, onder meer omdat die slagoffer steeds deur een van die ander rowers houvas is toe daardie appellant van die slagoffer weg beweeg het en omdat die mes kort daarna te voorskyn gebring is, die uithaal van die mes so nou verbond was aan die roof self dat daar 'n voldoende *nexus* was om te bevind dat die mes uitgehaal is "*on the occasion when the offence (was) committed*". Gevolglik is bevind dat dit in daardie geval verswarende omstandighede daargestel het.

[32]. Ek is tevrede dat ook in die onderhawige geval daar genoegsame *nexus* was. Dit is duidelik dat dit byna onmiddellik na die roof was wat die mes te voorskyn gebring is en die oorledene gesteek is. Dit is te voorskyn gebring en gebruik as 'n indirekte gevolg van die roof, want die oorledene se reaksie op die roof was om die rowers te vloek en dit is daardie reaksie wat gelei het tot die aanval met die mes.

[33]. Dit is nie vir doeleindes vir die beoordeling van hierdie vraag relevant of die uithaal van die mes nodig was om die roof te voltooi of om weg te kom nie[4].

[34]. Na my oordeel was die afneem van die sigarette, die vloek en die mesaanval alles deel van een gebeurtenis, genoegsaam so dat gesê kan word, soos artikel 1 van die Strafproseswet vereis, dat die mes gebruik is "*by die geleentheid waarby die misdryf gepleeg*" is.

---

[4] Vergelyk **R v Jacobs** 1961 (1) SA 475 (AD) o p484-485

[35]. Ek meen dus dat die appél behoort te misluk en maak die volgende bevel hierin:

**Die appél word afgewys en die appellant se skuldigbevindings aan roof met verswarende omstandighede soos bedoel in artikel 1 van die Strafproseswet, 51 van 1977, en aan moord word bekragtig.**

______________________

**C J OLIVIER**
**REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

**Ek stem saam.**

______________________

**C C WILLIAMS**
**REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

| | |
|---|---|
| **Nms Appellant:** | **Adv P J Cloete** |
| **Namens:** | **Regshulpraad, KIMBERLEY** |
| | |
| **Nms Respondent:** | **Adv R Makhaga** |
| **Namens:** | **Direkteur van Openbare Vervolgings, KIMBERLEY** |